## VAN ONS SUSTERS

Goeiedag Susters

### SUSTERBESTUUR 2026

| | |
|---|---|
| Alta Pretorius | Voorsitter |
| Marli Nortje | O/Voorsitter |
| Anita Stavast | Sekretaris |
| Ina Roos | Hulp-Sekretaris |
| Wijmie du Plessis | Tesourier |
| Marie-Ann Schutte | Kombuis |
| Ineke Bakker | Addisionele lid |
| Magda Pelser- Van der Merwe | Addisionele lid |
| Salome Kruger | Addisionele lid |

### WYKSUSTERS 2026

| Wyk | Naam en Van | Selfoonnommer |
|---|---|---|
| **1** | **Malie Wyma** | |
| **2** | **Wilmarie du Plessis** | |
| **3** | **Dina Coetsee** | |
| **4** | **Frieda vd Walt** | |
| **5** | **Ineke Bakker** | |
| **6 & 13** | **Leane Landman en Anri van Heerden** | |
| **7** | **Anita Stavast** | |
| **8** | **Ina Roos** | |
| **9** | **Marli Nortje** | |
| **10, 11, 12** | **Wijmie du Plessis** | |

*Alta Pretorius* 083 361 2490



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 2 Sondag 18 Januarie 2026
*Redakteur:* **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste:**
**Ouderlinge:** Wyk 1 **Koos Nortjé en Wyk @ Klaas Wyma.**
**Diaken:** Wyk1 en 2 **Zurich Terblanche**
**Skinkbeurt Susters: Wyke 3 en 4: Dina Coetsee en Frieda v d Walt**

**EREDIENSTE** Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***
**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND** Ons is dankbaar dat prof. Callie Coetzee vanoggend weer in die erediens sal voorgaan. Ons dank die Here vir die krag en gesondheid waarmee Hy prof. Callie seën om sy dienswerk nog met soveel ywer in die gemeente te kan verrig. Daarby verseker ons prof. Callie en Susan van ons voorbidding vir hulle met die uitdagings wat hulle elke dag moet trotseer.
Ons verwelkom ook vanoggend **Elsabé Labuschagne** in ons midde. Elsabé is verbonde aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en sy sal vanoggend na die erediens kortliks toeligting gee oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap. U is ook welkom om na die tyd in die kerksaal enige vrae aan Elsabé te stel.

**Vooraf sang:** Psalm 90: 1, 7.
**Skriflesing:** 2 Petrus 3
**Sang tydens die diens:** Psalm 92: 1, 6, 7; Psalm 74: 15, 16; Skrifberyming 15/7 (43): 4, 5; Psalm 84: 3, 4.
**Sang met meelewing:** Psalm 134: 1, 4.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir **GKSA Sustentasie fonds.** Volgende week: Teologiese Studentekas

**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

---

**AAND Woordbediening:** Romeine 8.
**Fokusverse:** Romeine 8:14-17.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 10 (2).
**TEMA:** *Ek mag seker wees van my bewaring en volharding omdat die Heilige Gees ons laat uitroep: "Abba, Vader!"*
**Sing:** Psalm 4: 3; Psalm 33: 1, 11; Psalm 27: 5
Skrifberyming 2-4 [33]: 1.
Skrifberyming 20-2 [50]: 7 (na die wegstuurseën).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Dean du Plooy** is Dindsag uit die Potchefstroom Hospitaal ontslaan en sterk tuis aan. Hy verduur nog geweldige pyn en ons bede is dat ons hemelse Vader vir hom spoedige uitskoms sal gee en hom, Barbara en vir Ruan in sy troue liefde sal vashou.

**Netta Schutte** het die afgelope week 'n opvolgbesoek aan die chirurg gebring. Ons is saam met haar en Paul baie dankbaar vir die beterskap wat Netta ontvang en die geseënde herstel wat sy mag geniet.

**André Joubert** het die afgelope week 'n skandering ondergaan, maar kon nog nie terugvoer van die pulmonoloog ontvang nie. Ons bede is dat André elke dag met lewenskrag en goeie gesondheid begenadig mag word.

**Ria Buys** word môre (19 Januarie) in die hospitaal opgeneem en Dinsdag geopereer. Ons bede is dat ons hemelse Vader die operasie sal seën en dat sy spoedig en volkome mag herstel.

**Susan Coetzee** ondergaan môre weer 'n prosedure in Unitas hospitaal, Pretoria. Ons verseker haar en haar dierbares van ons voorbidding en seën op die prosedure en die pad wat nog voorlê.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Vandag is **Willem en Ria Serfontein 57 jaar** getroud.

## *VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Vr | 23/01 | **Lettie Vorster (84).** Wyk 4 |
| Sa | 24/01 | **Petro Kroeze,** Wyk 4 |
| | | **Netta Schutte,** Wyk 2 |

**Bede met meelewing Psalm 134: 1, 4.**

**VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**

Die Kommissies/diakonie word versoek om hulle begrotings teen 23 Januarie vir Frikkie Venter/kantoor stuur. Die Finansiële Kommissie vergader op 27 Januarie om die begroting vir die jaar op te stel.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 18/01 | 08:30 | Hoërskoolkatkisasie opening | Jeuglokaal |
| | | 11:00 | Laerskoolkatkisasie opening | Jeuglokaal |
| Di | 20/01 | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | Rooi sitkamer |
| Wo | 21/01 | 18/00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, studie 5b) | Konsistorie |
| Do | 22/01 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiërs 1: 12 ev | Kerksaal |
| Vr | 23/01 | 17:30 | Gemeente-aand en hamburgerbraai | Kerkterrein |
| Di | 27/01 | | Agendastukke vir kerkraadsvergadering ingedien by kerkkantoor | |
| | | 18:00 | Finansiële kommissie (begroting) | Konsistorie |
| Sa | 31/01 | 09:30 | Sustersbestuur en wyksusters-byeenkoms | Kerksaal |

**BYBELSTUDIE**

Die Bybelstudiebyeenkomste die week:

- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 5 van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1: 12 en verder bestudeer.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan begin weer Dinsdag om 15:00 in die rooi sitkamer. Almal is welkom.

**BEDIENINGSKOMMISSIEVERGADERING**

DIe vergadering van die Bedieningskommissie wat vir 15 Januarie beplan is, verskuif na Donderdag 12 Februarie om 18:00 in die konsistorie. Die dankoffervorms moet teen 23 Januarie ingehandig word.

## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta).*
*Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*



**TERUGVOER: ALGEMENE SINODE 2026**

Die volgende sake het van 5 tot 10 Januarie op die tafel van die Algemene Sinode gedien:

• ŉ Adviesvraag uit ons Klassis via die Streeksinode het voor die Algemene Sinode gedien. Die vraag wat gestel was, was hoe kerke moet optree teenoor ander kerke wat nie onderlinge besluite (KO, art. 31) honoreer nie. Van die sake waaroor die Klassis duidelikheid wou hê was onder andere:
1: optrede teenoor kerke wat susters as ouderlinge bevestig;
2: optrede teenoor kerke waar daar nie meer volgens afspraak aanddienste plaasvind nie;
3: optrede teenoor kerke wat die onderlinge afspraak om deur die getroue betaling van kerklike ramings die werk in die kerkverband finansieel te ondersteun, nie nakom nie.
'n Minderheidsrapport is aanvaar waarin daar adviseer word dat kerke wat hulle nie hou by die onderlinge afspraak deur nie susters as ouderlinge te bevestig nie, ŉ jaar geleentheid gegun word om sake in orde te kry en die onderlinge afspraak te honoreer. Nadat ŉ jaar verstryk het, en kerke gaan voort met die praktyk om susters as ouderlinge te bevestig, moet die klassis bevestig dat so ŉ gemeente haarself buite die kerkverband gestel het.

• ŉ Beswaarskrif voor die Algemene Sinode het geslaag waarvan die gevolg is dat die basiese regsreël, dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie, in die GKSA gedrang kom. Dit spruit uit ŉ appèl wat voor Sinode 2023 gedien het, waar twee pa's op appéldeputate van ŉ Streeksinode gedien het waarheen ŉ kerk in daardie Streeksinode appèlleer het. Die kerkraad wat appèlleer het, se voorsitter is ŉ seun van een van die pa's en ŉ ouderling van die gemeente die ander. KO art 33 kom hierdeur in gedrang wat duidelik bepaal: "Die afgevaardigdes na ŉ meerdere vergadering moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê <u>behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan</u>". Waar hierdie reël, wat begrond word in Hand 5:3, 1 Kor. 5:12, 6:1-6 en ook Amos 5:7, 15, 24; Jes. 5:20, 21; Mat. 7:1 en 23:23), nie nagekom word nie, verval ons in wat met prof. Bouke Spoelstra se woorde beskrywe kan word as 'n "absolute monargie"). Onpartydige ondersoek en oordeel is dus nie meer in die GKSA gewaarborg nie.

• Daar is verder bevestig dat die Teologiese Skool Potchefstroom verantwoordelik bly vir die opleiding van predikante en dat voornemende studente se eerste kontakpunt die TSP bly. Vandaar kan studente die keuse uitoefen om hulle *akademiese vorming* of deur die GTA te ontvang

('n MA-graad wat deur die Puriteinse Kollege in die VSA toegeken word en wat eers na 'n uitgerekte aansoek-proses by die Suid-Afrikaanse registrasieowerhede binne die Suid-Afrikaanse kwalifikasieraamwerk erken sal word) of deur Mukhanyo Teologiese Kollege (wat 'n Suid-Afrikaans-geakkrediteerde graadkursus in Potchefstroom sal aanbied).

Die opleiding van predikante bly voluit onder toesig van die Kuratore.

• 'n Nuwe vertaling van die Bybel in Zoeloe is ook deur die Sinode goedgekeur. Dit is die kroon op etlike jare se vertaalwerk waarvoor ons die Here baie dankbaar is.

• Ons kon as kerkverband ook eenheidsband smee met 'n hele aantal kerke in die buiteland wat met ons een is in leer, diens en tug. Van die eenheidsbande wat ons met kerke gehad het, is ook afgeskaal na kontakbande. Dit is veral kerke wat susters as ouderlinge bevestig en waar daar ook 'n groter verdraagsaamheid teenoor selfde-geslagverhoudinge is. Dit is wonderlik om te ervaar hoedat die GKSA nie 'n druppel olie op water is nie, maar deel is van 'n geloofsgemeenskap wat inderdaad wêreldwyd in Christus een is.

• Die Bestuur van die Administratiewe Buro het ook 'n mandaat ontvang om die historiese geboue van die GKSA in Molenstraat (Totiushuis, Teologiese Woonstelle en dies meer) en ook die Administratiewe Buro kompleks te vervreem, sou daar 'n billike aanbod op die tafel kom.

• Ons kerke se liedereskat is ook met vyf nuwe liedere wat vir gebruik in die kerke goedgekeur en aanbeveel is, uitgebrei:

1: Sb. 3-7 *Christus is...* na aanleiding van ons Here se *Ek is*-uitsprake in die Johannesevangelie deur sr. Louise du Plessis.

2: Sb. 6-3 *Hemelvaart* wat 'n beryming is van die openbaring van ons Here se hemelvaart deur dr. Wim Vergeer.

3: Sb. 6-4 *Gaan dan, en maak dissipels* na aanleiding van Jesus se groot opdrag kort voor sy hemelvaart deur br. Pieter en sr. Maureen van Helden.

4: Sb. 8-4 *Troos ons, o Heil'ge Gees* deur ds. Karel Steyn na aanleiding van 'n aantal tekste oor die openbaring van die werk van die Heilige Gees in die Ou en die Nuwe Testament.

5: Sb. 8-5 *Gees van God* ook deur ds. Karel Steyn na aanleiding van Nuwe-Testamentiese tekste oor die openbaring van die Heilige Gees.

Daarby is drie van ons gemeente se lidmate op die Deputate vir Liturgiese Sake benoem: br. Paul en sr. Netta Schutte en ook br. Klaas Wyma. Ds. Jannes het na 'n tydperk van 13 jaar uit die Deputate getree.



# HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND
23 Januarie 2026



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Nicolene by die kerkkantoor ☏ 018 294 4600
**R 35** per hamburger. **Worsbroodjies R 35**

# DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Bank: (FNB) Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723.

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?





Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

# ‘N BYBEL IN ELKE HAND, GODS WOORD IN ELKE HART.

## Ons missie

Dit is die missie van die Bybelgenootskap van SA (BSA), om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul hartstaal en formaat van hul keuse te verskaf, sodat almal die lewegewende boodskap van God se Woord kan ervaar.

## Werksaam

Die BSA is die primêre organisasie wat vir 250 jaar al vir die vertaling, publikasie en verspreiding van die Bybel in SA verantwoordelik is. Ons is ‘n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werksaam is.

## GKSA

Daar bestaan ‘n mooi en lang verhouding tussen die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) en die BSA. Die Sinode het die BSA as die GKSA se amptelike Bybelverspreidingsvennoot aanvaar, en moedig dan lidmate ook aan om ten minste een Bybel per jaar te borg teen ‘n R100.

## Ons doen en late

Ons is geseënd en bevoorreg om voort te gaan met verskeie Bybelvertaling- en hersieningsprojekte, onder andere

**Bybelvertaling**:

- !Xuhn
- Khwedam
- Khelovedu
- TjiHlanganu
- Suid-Afrikaanse Gebaretaal Bybel (in samewerking met Hands with Words)

## Verspreiding

Danksy die ondersteuning van ons donateurs kon ons ook gedurende 2024 die volgende Bybelmateriaal gratis versprei:

| | |
|---|---|
| 2 | Braillebybels |
| 2 543 | Bybels vir graad 7-leerders |
| 1 600 | Bybels vir armes |
| 7 244 | Bybels vir gevangenes |
| 6 938 | Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal |
| 435 159 | Brood van die Lewe-reeks |
| 1 209 350 | Digitale Verspreiding |

## Het jy geweet?

- ’n Vertalingsprojek neem gemiddeld 12 jaar om te voltooi.
- Tale ontwikkel voortdurend en daarom is dit Bybelgenootskappe se verantwoordelikheid om te verseker dat hersienings en nuwe vertalings gereeld onderneem word om aan die veranderende behoeftes van gemeenskappe te voldoen.

## Gratis vir jou

Skep jou gratis profiel en geniet ‘n eenstop-Bybelleeservaring.:

- Bybels beskikbaar in 16 tale
- Lees en vergelyk vertalings
- Bybelleesplanne
- Hulpmiddels
- Kruisverwysings

BibleSA.co.za BibleSA

## Baie dankie

Baie dankie vir u positiewe gesindheid, volgehoue gebede, asook u ondersteuning om hierdie kosbare dienswerk moontlik te maak.

Kontak my gerus vir verdere inligting.
Elsabé Labuschagne
*Sinodale skakeldeputaat Bybel van die GKSA & Kerklike Organiseerder Bybelgenootskap van SA*
WhatsApp: 083 993 7565
e-pos: labuschagne@biblesociety.co.za

**www.bybelgenootskap.co.za**
**bybelgenootskap** van suid-afrika